Beste FynVeer Kunsgenote,

Ons is verheug om jou by vanjaar se FynVeer Kunstefees te verwelkom & opgewonde om die inskrywingsbesonderhede met jou te deel.

Vind hiermee die FynVeer-registrasiepakket vir die **DANSAFDELING!**

FynVeer Kunstefees ondersteun alle tipe dansstyle en sien uit na die jaar se dansafdelings.

1. **ONDERAFDELINGS**
   **Ons bied hierdie jaar 'n verskydenheid dans onderafdelings aan, wat die volgende insluit:**
   Ballet, Kontemporêr, Musiekteater/Karakter, Hip Hop, Moderne Dans, Tap, Akrobaat, "Contortion", Jazz, Lyrical, Disco, "Show Dance", Ope/Vrye Styl, Improvisasie & Revue-groepe.

2. **REGISTRASIEFOOIE** (slegs van toepassing op nie-geafillieerde inskrywings)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Per item** | - | **R100.00** | per danser (Solo, Duet, Trio of Kwartet) |
| **Meer as een item** | - | **R150.00** | eenmalig per danser (Solo, Duet, Trio of Kwartet) |
| **Per dansgroep** | - | **R300.00** | (Vyf dansers en meer) |
| **Revue Groepe** | - | **R500.00** | (Registrasiefooi per groep) |

   Die registrasiefooi is betaalbaar saam met inskrywingsfooie.

3. **TYD & INSKRYWINGSFOOIE VAN DIE DANSE:**

| AFDELING | KODE | AANTAL DANSERS | TYD | BEDRAG |
|---|---|---|---|---|
| Solos | S | Enkel Danser | 2 min / 3 min | R200 per item |
| Duets | D | Twee Dansers | 3 min | R150 per danser |
| Trios | T | Drie Dansers | 3 min | R150 per danser |
| Kwartet | K | Vier Dansers | 3 min | R150 per danser |
| Groepe (5+) | G | Vier Dansers/meer | 3 min / 3:30 min | R120 per danser |
| Revue Groepe | RG | Onbeperk | 15 min | R3,000 per groep |

4. **KATEGORIE & ONDERAFDELINGS**

| DANS | | | |
|---|---|---|---|
| **ONDERAFDELING** | **ITEMKODE** | **AFDELING KODE** | **VERWYSING VOORBEELD** |
| Ballet | DAN(BAL) | S/D/T/K/G | DAN(BAL)S vir Solo |
| Kontemporêr | DAN(KON) | S/D/T/K/G | DAN(KON)D vir Duet |
| Musiekteater/Karakter | DAN(MUS) | S/D/T/K/G | DAN(MUS)G vir Groep |
| Hip Hop | DAN(HH) | S/D/T/K/G | DAN(HH)K vir Kwartet |
| Moderne Dans | DAN(MOD) | S/D/T/K/G | DAN(MOD)S vir Solo |
| Tap | DAN(TAP) | S/D/T/K/G | DAN(TAP)D vir Duet |
| Akrobaat | DAN(AKR) | S/D/T/K/G | DAN(AKR)G vir Groep |
| "Contortion" | DAN(CNT) | S/D/T/K/G | DAN(CNT)K vir Kwartet |
| Jazz | DAN(JAZ) | S/D/T/K/G | DAN(JAZ)S vir Solo |
| Lyrical | DAN(LYR) | S/D/T/K/G | DAN(LYR)D vir Duet |
| Disco | DAN(DSC) | S/D/T/K/G | DAN(DSC)G vir Groep |
| "Show Dance" | DAN(SHW) | S/D/T/K/G | DAN(SHW)K vir Kwartet |
| Ope/Vrye Styl | DAN(OPE) | S/D/T/K/G | DAN(OPE)D vir Duet |
| Impoviseer | DAN(IMP) | S/D/T/K/G | DAN(IMP)G vir Groep |
| Revue Dans | DAN(REV) | RG | DAN(REV)RG vir Groep |

***Inskrywingsgelde sluit professionele beoordeling, repliek, medalje en sertifikaat met simbool in.***
***Groepe groter as vyf dansers ontvang slegs een sertifikaat en medalje.***
***Alle inskrywingsgelde en dokumentasie is onderhewig aan 'n sluitingsdatum – sien ons webtuiste.***

Byvoorbeeld: Jy is 'n graad 4 leerder en skryf in vir dans met 'n HipHop Solo.
Jou verwysing lyk as volg:
R100 (registrasiefooi) + R200 (inskrywingsfooi) = R300 met verwysing **DAN(HH)S + NAAM & VAN**

**BANKBESONDERHEDE: FYNVEER · FNB · Besigheid Rekening · Rek no: 62922423760 · Tak: 250655**
**Maak seker dat bewys van betaling gestuur word na admin@fynveer.co.za + korrekte verwysing**

## 5. ALGEMENE INLIGTING:

- **FYNVEER BYEENKOMSTE**

  Daar is verskeie byeenkomste en datums vir die Dansafdeling gedurende die jaar, so hou ons Facebook-bladsy en webtuiste dop vir al die nuutste nuus. Onthou ook om deel te neem aan ons kommentaar en moenie huiwer om ons Facebook-bladsy te deel met ander kunsgenote nie.

  **FACEBOOK SKAKEL:** https://www.facebook.com/FynVeer

  **Gebruik die volgende #hutsteken op jou sosiale media:**
  #FynVeer of 'tag' ons op Facebook by @FynVeer Kunstefees

- **INSTAPPIES**

  FynVeer Kunstefees doen ook instappies waar ons kundige span en beoordeelaars jou skool, instansie, ateljee, verhoog of teater besoek. Skakel ons vir meer inligting hieroor.

- **BEOORDELING**

  Die FynVeer beoordeelaarspaneel is geselekteerde professionele, en opgeleide beoordelaars met genoegsame kennis in elke kunsgebied. Die FynVeer beoordeelaarspaneel se besluite is finaal.

- **PRYSUITDELING**

  Na afloop van elke kategorie/afdeling, word daar 'n prysuitdeling gehou en deelnemers ontvang hulle medaljes en sertifikate met simbole by die byeenkoms. Indien deelnemers nie die prysuitdeling kan bywoon nie, moet dit vooraf gekommunikeer word by:
  admin@fynveer.co.za of jeandre@fynveer.co.za

- **TOEKENNINGS**

  Alle deelnemers in elke kategorie, ontvang professionele beoordeling met 'n  repliekstaat na die tyd, 'n medalje en sertifikaat met 'n simbool.
  Groepe groter as vyf deelnemers ontvang slegs een sertifikaat en medalje per groep.

  ***Alle deelnemers word genooi om na afloop van die prysuitdeling, by die trofee-tafel 'n draai te maak en 'n foto met jou kategorie se trofee te neem. Trofees word nie huis toe geneem nie en word slegs gebruik vir fotodoeleindes.***

  Ons trofees is baie kosbaar en spesifiek gemerk onder elke kategorie.



- **WERKSWINKELS**
  FynVeer bied ook Dans-werkswinkels aan waar ons deelnemers, afrigters, choreograwe en ouers oplei en bemagtig om dans items op die voorgeskrewe maniere te choreografeer. Hierdie werkswinkels word aangebied deur middel van instappies met ’n minimum van 20 lede.

  Hou ons Facebookblad en webtuiste dop vir meer inligting.

- **SIMBOLE**
  Toekenning vir alle items word volgens die volgende simbole bepaal:

| | | |
|---|---|---|
| 95% - 100% | A++ | (HOË GOUD) |
| 90% - 94% | A+ | (GOUD) |
| 80% - 89% | A | (HOË SILVER) |
| 75% - 79% | B+ | (SILVER) |
| 70% - 74% | B | (BRONS) |

- **BEOORDELAARS & SEREMONIEMEESTERS**
  FynVeer beskik oor ’n paar geregistreerde beoordelaars en professionele seremoniemeesters vir jou volgende funksie of gala geleentheid. Skakel ons gerus vir meer inligting.

- **DANS REËLS**
  Daar is algemene reëls en regulasies waaraan elke deelnemer in die spesifieke kategorie moet voldoen. Hierdie reëls is saamgestel deur die FynVeer-bestuurspan en ander rolspelers in die kunste-industrie. Alle deelnemers is onderhewig aan die reëls soos uiteengesit hier onder.

*(sien volgende bladsy)*

# DANS ALGEMENE REËLS

Daar is algemene reëls en regulasies waaraan elke deelnemer in die spesifieke kategorie moet voldoen. Hierdie reëls is saamgestel deur die FynVeer-bestuurspan. Alle deelnemers is onderhewig aan die reëls soos uiteengesit hier onder.

1. Oortreding van die kompetisiereëls kan tot diskwalifikasie lei.
2. Die skool/deelnemer/persoon/persone/instansie wat inskryf, vrywaar die FynVeer Kunstefees teen enige eise wat kan ontstaan as gevolg van skade of verlies van enige aard wat so ’n persoon/persone/instansie kan ly gedurende die hele verloop van die kompetisie en daarna.
3. FynVeer behou hom die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien buitengewone of onvoorsiende omstandighede *(soos natuurverwante toestande)* dit sou noodsaak.
4. Die beslissing van die Fynveer-beoordelaars is finaal. Geen persoonlike of direkte gesprekke mag met enige beoordelaar gevoer word nie – binne en/of buite die kompetisie. Alle geskrewe korrespondensie moet deur middel van die FynVeer-bestuur gevoer word.
   Die beoordelingsproses word regverdig gedoen en is nie bevooroordeeld nie.
5. Enige dispuut moet binne drie dae ná afloop van die kompetisiebyeenkoms aan die FynVeer bestuur gestuur word. Die dispuut moet skriftelik ingedien word sodat die nodige terugvoer gegee kan word.
6. Onreëlmatighede wat tot diskwalifikasie kan lei: Die lewering van gedupliseerde choreografie.
7. Dansers neem deel in gemaklike, toepaslike kostuums wat die dansstyl ten alle tye ondersteun.
8. Die tydsduur van danse wissel na gelang van die kategorie waarin deelgeneem word. Vir elke 10 sekondes of gedeelte van 10 sekondes wat die deelnemer langer of korter as die voorgeskrewe tyd dans, kan een strafpunt van die deelnemer se totale punt afgetrek word.
9. FynVeer behou die reg voor om alle professionele beeldmateriaal en foto’s wat gedurende die danskompetisie geneem word, vir bemarkingsdoeleindes te gebruik.
10. Dansers sal gemerk word op vermaaklikheidswaarde, persoonlikheid, tegniek en oorgange.
11. Dansers word toegelaat om vir meer as een dansafdeling in te skryf.
12. Indien daar ‘n gelykopplasing in dieselfde afdeling is, kan die beoordelaar besluit of 'n plasing gegee word aldan nie.
13. Dansers & afrigters, wees asseblief regverdig en eerlik in jou besluit van die korrekte ervaringsgraad wanneer jy inskryf. As jy weet jy/jou danser, se standaard is hoër as beginner/amateur of die danser dans vir 'n redelike tydperk; neem eerder in hoër afdeling deel.
14. Spesiale toekennings sal na goeddenke van die beoordelaars oorhandig word.
15. Die beoordelaars ontvang 'n kriteria sodat die danser beoordeel kan word volgens voorgeskrewe riglyne. Daar is ‘n aparte afdeling vir die beoordelaars se persoonlike mening en telling.
16. Dansers sal 'n repliekverslag van hul optrede ontvang. Dit word oorhandig aan die onderwysers/danser na afloop van die hele kompetisie saam met alle deelnemers se sertifikate.
17. MUSIEK: FynVeer Kunstefees is nie verantwoordelik vir enige musiek wat nie herwin word as dit op ‘n USB of ander medium is nie. Elke deelnemer is verwantwoordelik vir sy eie musieklisensie.
18. Musiek kan via Drop Box of Google Drive gestuur word na: admin@fynveer.co.za
19. Geen CD's sal aanvaar word nie.
20. Alle dansers moet 1 uur (60 min) voor hul optrede by die lokaal wees indien die program vroeg verloop.
21. Tye aangedui is benaderings en kan verskil op die dag van die kompetisie.
22. Verskeie faktore kan die program en tyd beïnvloed maar ons doen ons uiterste bes om ten alle tye by die voorgestelde program te hou.
23. Geen registrasie- of inskrywingsfooi is terugbetaalbaar indien ’n deelnemer vir welke rede nie optree nie.

24. Geen registrasie- of inskrywingsfooi is oordraagbaar nie.
25. Skedules sal slegs aan individue gestuur word wat hul inskrywings ten volle betaal het.
26. Geen videokameras/kameras sal toegelaat word nie. Indien jy jouself skuldig maak aan die oortreding, sal jy beboet word en gevra word om die beeldmeteriaal wat jy geneem het uit te vee en bewys daarvan te lewer. Indien daar nie samewerking is nie; sal die oortreder se deelnemer gediskwalifiseer word. Dié reël geld vir alle optredes en werkswinkels.
27. Musiek, lirieke en kostuums moet ouderdomsgepas wees.
28. Toegang na die auditorium/gehoor via die verhoog is streng verbode. Alle deelenemers gebruik die agterkant van die verhoog vir toegang.
29. Rapporteer agter die verhoog ten minste 15-minute voor jou danstyd.
30. Indien 'n danser die verhoog om enige rede tydens 'n optrede verlaat; sal daar toegelaat word dat die danser nog een keer probeer dans. Daarna word die gedeelte beoordeel wat op die verhoog gewys is.
31. Rekwisiete is welkom, maar kan nie die danstyd belemmer nie. Wees asseblief vinnig met die opstel en verwydering. Rekwisiete wat nie afgehaal is nie, sal weggedoen word.
32. Toeskouers van enige kompetisie word aangemoedig om selfone af te skakel en die deelnemers se optrede ten alle tye te respekteer.

FynVeer is baie opgewonde om ons vlerke saam elke skool/deelnemer/persoon/instansie/ateljee te sprei en hoog te vlieg – saam maak ons ‘n verskil, nie net in die gemeenskap nie, maar ook in elke deelnemer se hart.

Ons bou saam aan die kunste, toekoms en drome van elke deelnemer. Ons bemoedig, streef en verbeter.

Ons is opgewonde oor die nuwe KUNS-avontuur en sien uit om julle te ontmoet!

Kom **DROOM** saam, kom sit die **HOOP** terug, kom ons maak **KUNS**, kom ons **FYNVEER**!

FynVeer Admin
admin@fynveer.co.za
079 4911 789
www.facebook.com/fynveer
https://www.fynveer.co.za